

12 Februarie 2016

## ASWOENSDAG 10 FEBRUARIE 2016



Tydens Aswoensdag het ons berou en doen ons skuld belydenis – dit is deel van ons hertoewyding aan God...

*O Here,  
soos ek hier sit en stilword,  
mag my hart verander word deur hierdie ondervinding.  
Soos ek myself probeer indink en herinner aan Paasfees,  
maak van my 'n pelgrim in hierdie veertig dae.  
Dissiplineer my tot dissipelskap.  
Laat hierdie geestelike tyd vir my lei tot 'n  
geestelike feestyd.  
Suiwer my in hierdie tyd van selfsug en my bekommernisse,  
sodat ek ander voluit kan dien.  
Ons bewonder U o Christus en ons eer U,  
Want U het ons kom red,  
Amen*

**1. VROUDELIDMATE (SKV) NG KERK VRYSTAAT:** Klik [hier](#) vir die program van die Toerustingsaweek vanaf 12 – 14 Februarie 2016, met Yolanda Dreyer as gasspreker. In die SKV se 1ste omsendskrywe vir 2016 wat ook wyd per e-pos uitgestuur is, is daar meer inligting oor hul spesiale projek vir hierdie jaar, dit sluit baie mooi aan by die Droogtehelp-projek van die NG Kerk - klik [hier](#) vir die volledige brief.

**2. VRYSTAAT SE KOÖRDINEERDER VIR NG DROOGTEHULP 2016:** Die NG Kerk het besluit om amptelik toe te tree tot die inisiatief om verligting aan droogtegeteisterde gebiede te bring. 'n Nasionale netwerk word tans op die been gebring om inligting en behoeftes te koördineer. Ons het reeds in Vrypos uitgawe 3 van 29 Januarie 2016 [hier](#) oor berig.



Die Vrystaat Sinode het vir **ds Gideon Lamprecht, leraar van die NG Gemeente Ladybrand-Noord, as koördineerder van die Droogtehelp-projek in die Vrystaat aangewys.** Sy

kontakbesonderhede is: tel 051 924 2302 (h), sel 082 417 0507, e-pos [gideonlam@webmail.co.za](mailto:gideonlam@webmail.co.za)



### 3. 'N STORIE VAN HOOP:

**Skrif 'n briefie vir 'n boer:** In *Volksblad* van 28 Januarie 2016 verskyn daar 'n artikel oor ds Theo Oosthuysen van die NG Gemeente in Senekal: *Klein gebare kan boere dalk net help om nog 'n bietjie langer in dié droogte uit te hou. Dit is wat ds Theo Oosthuysen van die NG kerk in Senekal in die Vrystaat laat besluit het om die Facebook-groep Briewe vir Boere te begin. Dié groep, wat byna 400 lede het, moedig mense aan om briewe aan boere oor Suid-Afrika heen te skryf. 'Enigiemand kan skryf of 'n prentjie teken. Net sodat die boere weet hoeveel mense vir hulle in dié moeilike tyd bid en aan hulle dink.' Hy wil graag aan elke boer wat in die nood is 'n brief gee. 'n Briefie of 'n getekende prentjie van 'n kind kan dalk net 'n boer se lewe red,' sê hy.... 'Omtrent elke dorp het 'n NG kerk en die dominees weet wie in hul gemeenskap die briewe die nodigste het.' Die volledige berig kan [hier](#) gelees word. As jy 'n brief wil skryf, pos jou brief na Posbus 12, Senekal 9600 of gaan kyk op die Facebook-blad, **Briewe vir Boere** vir meer inligting.*



*(Met erkenning aan Volksblad/Netwerk24)*

#### 4. ALGEMEEN:



**Nuwe personeellid:** Die Sinodale Kantoor van die NG Kerk Vrystaat verwelkom nog 'n nuwe dame, **me Danielle Theron** wat vanaf 1 Februarie 2016 met studenteleninge en beurse gemoed is. Kontak haar by 051 406 6700, of per e-pos by [studente@ngkvs.co.za](mailto:studente@ngkvs.co.za). *Danielle, mag jy baie gelukkig saam met ons wees, ons hoop jy voel sommer gou tuis!*

**Dankgeleentheid vir reën:** Dit vind op **Vrydag 12 Februarie om 11:00** op die perseel van SENWES in Curielaan plaas – navrae kan aan Charles Truter by 083 305 8766 gerig word.

**NG Gemeente Hugenoot - Lapea (Sotho vir Little Blanket)-projek:** Hulle is dringend opsoek na wol om mussies, kombesies en babaklere te brei/hekel vir hierdie besondere projek by die Pelonomi Hospitaal. As iemand dalk oortollige wol het wat in onbruik geraak het, sal hulle baie dankbaar wees vir skenkings. Kontak gerus vir Elna Venter gedurende kantoorure by 051 436 2659.



**Argief- en Inligtingsdiens kontakbesonderhede:**

Mev Christa Botes (Argivaris) - 051 406 6746 (k), e-pos [inlig@ngkvs.co.za](mailto:inlig@ngkvs.co.za)

Mev Helena Smit (Argiefassistent) - 051 406 6747 (k), e-pos [argief@ngkvs.co.za](mailto:argief@ngkvs.co.za)

Kantoorure Ma - Vr 08:00 - 16:00, tussen 12:45 en 13:30 gesluit vir middagete (*persone wat graag navorsing sou wou kom doen, moet asseblief vooraf 'n afspraak maak*).

#### 5. GEBEURE BY GEMEENTES:

**NG Gemeente Heuwelsig bied aan:**

**Andre VENTER**

DATUM: 16 & 17 FEB 2016  
TYD: 19:00  
PLEK: HEUWELSIG NG KERK  
PRYS: R100 P/P  
KONTAK: 0514361967 - KERKKANTOOR

**ONS VRA U VIR REËN**

TEN BATE VAN DIE DROOGTERAMPFONDS

**Aandmerk by NG Gemeente Hugenoot (Bloukerk in**

**Bayswater):** Dit vind op Vrydagaand 26 Februarie 2016 plaas – almal wat nie lus voel om die aand kos te maak nie, kan vanaf 18:00 pannekoek, worsbroodjies en burgers gaan koop - vanaf 19:30 sal daar potjiekos te koop wees. As jy oortollige items het om te verkoop, betaal R20 vir 'n staanplek, kom parkeer jou motor en verkoop hierdie items uit die kattebak. Vir enige verdere inligting, skakel vir Tys Bruwer by 082 490 6386, of die kerkkantoor gedurende kantoorure by 051 436 2659.



#### 6. AKTUEEL:

**Dana Snyman skryf op Facebook - Een van die mooiste dinge wat ek nog gesien het... watertenks by die kerk:** Die baie bekende skrywer, Dana Snyman en 'n TV-span is tans besig om 'n tipe reisprogram vir Media 24 se Via-TV-kanaal te maak. Hy skryf onlangs die volgende op sy Facebook-blad:

*Ek wil 'n slag weer die land aan my lyf voel en hulle gaan saam. Ons almal praat knaend oor wat besig is om in Suid-Afrika te gebeur. Ons sit in ons huise en by die werk en in restaurante en ons praat en ons praat, maar ek wil weer gaan kyk hoe leef mense en hoe lyk die land. Wil ek nog hier woon? Ek stel veral belang in gewone landsburgers se stories, want is dit nie maar ons wat dinge moet maak werk nie? Ek wil die ou stories hoor van hoe dinge eens was, maar ek wil veral ook nuwe stories hoor – stories van mense wat dinge in hul omgewing maak werk. Al is dit op 'n klein manier... en dan skryf hy die volgende storie oor die kerk... lees [hier](#) verder.*

Die volgende twee aktuele sake is uit *VrydagNuus*, nuusbrieff van Sinode Wes- en Suid-Kaapland oorgeneem – dit kan moontlik vir ander leraars/belangstellendes van nut wees (*baie dankie dat ons dit kan deel*):

**ISIS en Islam:** ISIS bly in die nuus, maar daarmee saam ook die vraag oor waar hulle binne die Islamitiese geloof inpas. Prof Willie Breytenbach het pas 'n stuk uitgebreide navorsing voltooi oor hoe die verskillende strominge binne Islam in mekaar steek - met sy vergunning plaas ons dit [hier](#). "Ons hoop dat dit vir leraars en ander belangstellendes so 'n bietjie beter begrip sal gee op die verskeidenheid van strominge wat binne Islam voorkom, waar dit vandaan kom en wat dit verteenwoordig," laat weet Braam Hanekom.

**Rassisme en Reënboë:** In 'n onlangse artikel dink die gerespekteerde teoloog John de Gruchy ook oor die impak van rassisme na. *Jesus gave us a golden rule to deal with the racism virus. Do to others what you would want them to do to you. Imagine such a world! Is it only be a dream? Or can we make it a reality?* Lees gerus [hier](#) verder.



**7. STUDIETOER NR 11 NA DIE VSA: Hierdie geleentheid wat deur die Sentrum vir Kontekstuele Bediening, Universiteit van Pretoria gereël word, vind vanaf 29 Oktober tot 21 November 2016, onder leiding van prof Malan Nel plaas. Lees gerus meer [hier](#) oor wat prof Nel skryf.**

**8. JONGSTE BYBELKOR-PUBLIKASIES:** Klik [hier](#) om meer te lees oor die nuutste publikasies, *Kleurmeditasies vir Lydenstyd en Pase; Loskerf en Jaarboek 2016*, die elektroniese weergawe.

## 9. PREDIKANT- EN BEROEPENUUS:

**Prof Johan Janse van Rensburg** wat sedert die begin van 1995 as tentmakerleraar by Andrew Murray, die NG gemeente vir andertaliges betrokke was, ontvang **op Sondag 14 Februarie 2016 sy demissie**. Hy sal dan presies 45 jaar in die bediening staan. Die kerkraad en lidmate van Andrew Murray, asook die lesers van *Vrypos*, wens hom en sy vrou, Magdaleen nog vele rustige, geseënde en gesonde jare toe.

**Prop JE (Johan) Visser** (ex US 2015) het die **beroep na die NG Gemeenskapskerk Woodland Hills aanvaar**. Hy word DV op **Sondag 28 Februarie 2016** met handoplegging in die amp **bevestig**. Hy is getroud met Nicola en het twee kinders, Ave-Jane en James. NG Woodland Hills verwelkom hulle met die liefde van die Here in die gemeente en in die Vrystaat - *Soli Deo Gloria*.

Die **NG Gemeente Bethlehem-Oos** het vir **ds J (Joe) Müller** van die NG Gemeente Kroonheuwel-Noord (Kroonstad) as mede-leraar beroep.

## 10. VAKATURES:

### ENGO beskik oor twee vakatures:

**Administratiewe Beampte – ENGO Gesinsorg, Bloemfontein** beskik tans oor hierdie vakature – klik [hier](#) vir meer inligting, **sluitingsdatum is Vrydag 12 Februarie 2016**.

**Kinderversorger – Jeugsorgsentrum, Sasolburg** beskik oor hierdie vakature by 'n huis vir seuns – klik [hier](#) vir al die besonderhede, **sluitingsdatum is Maandag 15 Februarie 2016, met diensaanvaarding so spoedig moontlik**.

**Musiekdirekteur – NG Strooidakkerk, Paarl:** Hierdie pos is vanaf 1 Maart 2016 beskikbaar - klik [hier](#) vir meer besonderhede, die **sluitingsdatum vir aansoeke is Maandag 15 Februarie 2016**.

**11. VERJAARSDAE:** Baie geluk aan die leraars wat die afgelope week, sowel as gedurende die komende week verjaar:

**7 Februarie:**

**Ds Marius Maree - WELKOM-WES** - 057 352 9779, 083 266 0860, [mariusmaree00@gmail.com](mailto:mariusmaree00@gmail.com)

**11 Februarie:**

**Ds Wilhelm Rothman - CLOCOLAN** - 051 943 0002, 084 517 6099, [paaiwilly@gmail.com](mailto:paaiwilly@gmail.com)

**Dr Koos Robb - KROONSTAD-NOORD** - 056 212 3366, 072 599 7772, [jprobb@telkomsa.net](mailto:jprobb@telkomsa.net)

**Ds Pierre Guillaume - VENNOTE LESOTHO** - 051 583 1647, [p.guillaume@tsd.co.za](mailto:p.guillaume@tsd.co.za)

**13 Februarie:**



Ds Piet Fourie - BETHLEHEM-PANORAMA - 058 303 3764, 082 463 0379, [pietfou@telkomsa.net](mailto:pietfou@telkomsa.net)

16 Februarie:

Ds Pieter Nel – WARDEN - 058 643 0702, 082 879 1466, [pcjnel@gmail.com](mailto:pcjnel@gmail.com)

## 12. TEN SLOTTE:



Groetnis.

### THEA BOSMAN

Samesteller/Redaksioneel: [kerkinfo@ngkvs.co.za](mailto:kerkinfo@ngkvs.co.za)

Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat

Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN JY OP **VRYPOS** WIL INTEKEN, CLIK [hier](#) (meld asseblief ook jou gemeente/dorp)

**AS JY VRYPOS WIL KANSELLEER, CLIK [hier](#)**

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by [kerkinfo@ngkvs.co.za](mailto:kerkinfo@ngkvs.co.za) – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: <http://www.ngkerkvrystaat.co.za/>

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: 

**VRYWARING / DISCLAIMER – Klik [hier](#)**

### PROGRAM

#### TOERUSTINGSNAWEEK – MASELSPOORT

12 - 14 FEBRUARIE 2016

#### VRYDAG 12 FEBRUARIE 2016

16:00 - 17:30	Registrasie en uitstallings
17:30 - 17:40	Verwelkoming en opening
17:50 - 18:00	Administratiewe reëlings
18:00 - 18:10	Voorstelling van die SKV (Sinodale Kommissie vir Vrouelidmate)
18:10 - 19:00	Prof Yolanda Dreyer
19:00 - 20:00	Aandete en kuier
20:00 - 21:30	"Ag my Moeder" deur Ilne Fourie

#### SATERDAG 15 FEBRUARIE 2016

07:30 - 08:30	Ontbyt
08:30 - 08:45	Lofprysing
08:45 - 09:45	Prof Yolanda Dreyer
09:45 - 10:00	Lofprysing
10:00 - 11:00	Prof Yolanda Dreyer
11:00 - 11:30	Tee en koffie
11:30 - 12:30	Prof Yolanda Dreyer



12:30 - 13:30	Middagete
13:30 - 14:30	Prof Yolanda Dreyer
14:30 - 16:30	Rus en kuier
16:30 - 16:45	Koffie en tee
16:45 - 17:15	Lofprysing
17:15 - 18:00	Vrouediens-sake
18:00 - 19:30	Aandete
19:30 - tot klaar	"WAAG DIT!"

## SONDAG 14 FEBRUARIE 2016

07:00 - 08:00	Ontbyt
08:00 - 08:30	Bedankings
08:30 - 09:00	Lofprysing
09:00 - tot klaar	Nagmaal - prof Jan-Albert van den Berg

Dames vertrek huistoe... veilige terugreis!

## [TERUG NA INHOUD](#)

### DANA SNYMAN SE STORIE OOR DIE KERK:

*Vrydag, 29 Januarie. Op Lindley geslaap. Die dorp het nie water nie, maar die internetverbinding is goed – en die mooi, ou NG kerk in die middeldorp se horlosie loop nog op tyd. Ek het 'n punt daarvan gemaak om op elke dorp wat ons tot dusver besoek het, te kyk of die horlosie in die kerkoring op tyd is. Op die meeste dorpe, is dankbaar om te kan sê, is dit wel die geval: De Doorns, Touwsrivier... En dit gebeur nie sonder moeite nie: 'n Kerkhorlosie is 'n temperamentele instrument. Hy moet mooi versorg word, anders loop staan hy.*



*Op Hanover het oom Mike Burger so mooi vertel hoe hy spook om die kerkhorlosie op tyd te hou – oom Mike wat daardie ou NG kerk met die grootste sorg in stand hou, al het Hanover nie meer 'n voltydse predikant nie en al is daar skaars 'n honderd gemeentede oor. Ek het in die laaste ruk baie gedink oor die kerk en die rol van die kerk in die samelewing. Ek praat spesifiek van die NG Kerk, die kerk waarin ek gedoop en gekatriseer is – die kerk vir wie ek op 'n vreemde manier lief bly, al was ek ook al baie kwaad vir dit wat hierdie kerk van my gewete al aan mense gedoen het en steeds doen. Nog nie op een van die plekke waar ons was, het ek 'n erg vernielde NG Kerk gesien nie. Die ruite is nie gebreek nie en die grasperke en*

*tuine is versorg. Om die meeste kerke is wel veiligheidsheining opgerig, met iewers 'n bordjie van 'n veiligheidsmaatskappy wat waarsku: Bly weg. Pasop. Dit bly vir my 'n vreemde gedagte: 'n kerkgebou met 'n alarmstelsel in. Natuurlik verstaan ek hoekom die alarmstelsel daar is. Dis net, wel... Ek wonder dikwels hoe betrokke die kerk by die gemeenskap is. Het die kerk nie maar net 'n soort vesting geword waar jy op 'n Sondag jou gewete gaan sus nie? En toe ry ek by die **NG Kerk op Winburg** verby en by die saal langs die kerk is mense en ek hou stil en klim uit en oral is bottels vol water – honderde, duisende bottels water wat die saal vol staan. Winburg, soos baie ander Vrystaatse dorpe, se krane het opgedroog: oor lae watervlakke in die riviere en damme, maar veral oor die treurigheid van die munisipaliteite. Op Winburg het die NG Kerk 'n plek geword waarheen mense van oraloor water stuur en waar die plaaslike mense, ook mense uit die township, water kom haal. Op die kerkterrein staan drie, vier vyf tamaai watertenks. Ek het meer as een foto daarvan geneem. Dis vir my een van die mooiste dinge wat ek nog gesien het, daardie watertenks by die kerk.*

*(Met erkenning aan Dana Snyman)*

## [TERUG NA INHOUD](#)

### STUDIETOER NR 11 NA DIE VSA:

Prof Malan Nel skryf:

*Kan ons iets by gemeentes in die VSA leer? Ek antwoord hierdie vraag sedert 1986 toe die eerste studietoer met 49 predikante begin het. Hierdie is nommer 11 en ek is oortuig dat dit een van die rykste ervarings van jou bediening kan wees - soos vir die meeste van die ongeveer 200 pastors wat al op so 'n studietoer was. Een van hulle skryf: "Ek beveel die*

studietoer na die VSA vir predikante en gemeentelidmers sterk aan. Dit is 'n uiters leersame geleentheid waartydens deelnemers blootgestel word aan die insigte van leidende teoloë en gemeentes op die terrein van leierskap en missionale kerkwees. My ervaring is dat dit my gehelp het om 'n kosbare netwerk te vorm met skerp denkers oor een van die heel belangrikste uitdagings waarvoor die kerk staan. Dit het my siening van die aard van 'n gemeente in 'n vars, nuwe rigting gevorm en is een van die kosbare herinnerings in my bediening" (prof Nelus Niemandt, reeds na die 2004 toer en toe nog as predikant, NG Gemeente Weltevredenpark).

#### Besoek aan:

- 13 diverse plaaslike gemeentes (gevestigde missionale gemeentes en emerging gemeentes) met insette van hulle leiers (in 2013 het meer as 100 persone voor die groep opgetree);
- 11 bekende teoloë van leidende Teologiese Seminaria met insette en perspektiewe in hulle vakgebiede; en
- van die VSA se bekendste besienswaardighede in ses stede landwyd kan mos niemand onaangeraak laat nie - voeg hierby byna daaglikse evaluering en gesprekke as toergroep!

Ek is oortuig dat breë en gebalanseerde blootstelling nodig is wanneer iemand die VSA besoek. Eensydigheid in daardie groot land is nie moeilik nie. Die studietoer dra ook erkenning vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling vir predikante van die NG Kerk.

Vir meer inligting kontak Malan Nel by [malannelup@gmail.com](mailto:malannelup@gmail.com)


## TERUG NA INHOUD

### BYBELKOR-PUBLIKASIES:

**Kleurmeditasies vir Lydenstyd en Pase:** 'n Boek vir gehaltetyd, meditasietyd, oordinktyd, bidtyd, wagtyd, hoortyd, troostyd en liefdestyd saam met God. Hierdie boek is die ideale hulpmiddel as jy hierdie seisoen in die kerkjaar 'n tyd van vernuwing wil maak. Dit help jou met die geloofsgewoonte om elke dag vriendskap-tyd met God deur te bring. Dit is gevul met kleur- en woordmomente van stop en bepeins. Die woordmomente fokus op Lydenstyd en Pase. Die kleurmomente se sirkelpatrone nooi heling en groei in jou lewe in. Met hierdie kleurmeditasies oordink, bepeins en bid jy in volkleur. Die geloofsgedagtes herinner jou aan God, die bron van alle goedheid, wat mens geword en onder ons kom tent opslaan het. Die inkleursirkels nooi jou om te rus, om bewus te raak van gedagtes en emosies wat na bo kom en om dit te oordink.  
Prys: **R135.00** (BTW en posgeld ingesluit)



**Loskerf:** Hierdie is 'n gespreksgids vir 6 weke met 'n tema vir elke week. Elke tema beeld 'n faset van die (her)skeppingsproses van God met ons uit:




- *Oopkerf* – oor gebed
- *Saamkerf* – oor omarming
- *Opkerf* – oor gesamentlike maaltye
- *Wegkerf* – oor besittings
- *Inkerf* – oor ons reis na binne
- *Uitkerf* – oor lyding, en spesifiek Jesus se lyding

Prys: **R110.00** (BTW en posgeld ingesluit)

**Jaarboek 2016 (Elektroniese weergawe):** Hierdie is 'n elektroniese weergawe in PDF formaat (10MB) - Jaarboek CD van die Nederduitse Gereformeerde Kerke 2016.

Die Jaarboek van die NG Kerk 2016 bestaan uit inligting oor sinodes, streeksinodes, ringe, gemeentes en predikante. Die Jaarboek dien al vir 166 jaar as 'n belangrike verskaffer van inligting vir die NG Kerkfamilie. Dis gemik op predikante, kerkkantore en lidmate.

Prys: **R19900** (BTW en posgeld ingesluit)



### Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210

Of stuur jou bestelling per e-pos na: [bestel@bmedia.co.za](mailto:bestel@bmedia.co.za)

Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: [www.bybelmedia.org.za](http://www.bybelmedia.org.za)

## TERUG NA INHOUD

### VAKATURES:



Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng

## ADMINISTRATIEWE BEAMPTTE - ENGO GESINSORG BLOEMFONTEIN:

### Posvereistes:

- Applikante moet oor die nodige kwalifikasie en/of ondervinding beskik.
- Minimum 3-5 jaar kantooradministrasie ondervinding.
- Minimum 3-5 jaar Personeelbestuur ondervinding.
- Rekenaarvaardigheid in *MS Office (Word en Excel)* en *Outlook*.

### Pligte:

- Huishoudelike en administratiewe personeelbestuur.
- Administratiewe take.
- Algemene bestuur van grond, geboue en voertuie.
- Strategiese beplanning.
- Finansiële take.

### Diensvoordele:

- Salarisskaal op aanvraag beskikbaar.
- Diensbonus, pensioenfonds en verlof.

**Sluitingsdatum:** 12 Februarie 2016

Faks CV's aan: 051 522 2508

E-pos: [madelein@engo.co.za](mailto:madelein@engo.co.za) / [gerda@engo.co.za](mailto:gerda@engo.co.za)

Navrae: Madelein / Gerda 051 407 7232

Adres: Assistent Direktuer: Vakkundige Dienste  
Posbus X12552  
BRANDHOF 9324

***Die werkgewer behou die reg om nie die vakature te vul nie. Suksesvolle kandidate sal binne vier weke in kennis gestel word of die aansoek suksesvol was al dan nie. Indien geen terugvoer ontvang is in die vier weke tydperk nie, moet aanvaar word dat die aansoek onsuksesvol was.***

## [TERUG NA INHOUD](#)

## KINDERVERSORGER - SASOLBURG JEUGSORGSENTRUM

Die Jeugsorgsentrum in Sasolburg het 'n vakature vir 'n kinderversorger by die seunshuis. Die persoon sal verantwoordelik wees vir die emosionele en fisiese versorging en opvoeding van twaalf wetsbestede kinders tussen die ouderdomme van 8-18 jaar.

### Posvereiste:

1. Vorige ondervinding met kinders sal voorkeur geniet.
2. Graad 12.
3. Rybewys.
4. Goeie gesondheid en baie energie.
5. Ouderdom verkieslik 40-55 jaar.
6. Inwoning is verpligtend.
7. 'n Egpaar sal voorkeur geniet.

**Sluitingsdatum:** 15 Februarie 2016

**Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik.

Faks CV's na 086 650 0263, of per e-pos na [antoinette@vionskinders.org.za](mailto:antoinette@vionskinders.org.za)

***Indien u nie teen 29 Februarie 2016 gekontak is nie, was u aansoek onsuksesvol.***



*Lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld*